## 40 Days of HOPE – Daaglikse Bybellees
## Week 5: Hoop is om te belê in gesonde KONNEKSIES

**Sondag 21 Maart (dag 29)**

***Hebreërs 11:1*** *"Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van wat ons nie sien nie."*
*"This faith is the firm foundation under everything that makes life worth living. It is our handle on what we can't see."* (The Message)

**Maandag 22 Maart (dag 30)**

***Handeline 2:44-47*** *"Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaar gekom , van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geeët, en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg."*

**Dinsdag 23 Maart (dag 31)**

**Hebreers 10:24** *"Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot geloof en goeie dade. Ons moenie van die samekoms van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan."*

**Woensdag 24 Maart (dag 32)**

**Hebreers 12:1-2** *"Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof."*

**Donderdag 25 Maart (dag 33)**

***Exodus 17:7c*** *""Is die Here by ons of nie?"*

**Vrydag 26 Maart (dag 34)**

***Exodus 17:12-13*** *"Maar Moses se arms het begin moeg word. Hulle het toe 'n klip gevaten dit agter hom neergesit sodat hy daarop kon gaan sit. Aäron en Hur het sy arms van weerskante af ondersteun sodat sy arms regop gebly het tot sononder. Josua het die Amelekiete heeltemal verslaan."*

**Saterdag 27 Maart (dag 35)**

***Psalm 133*** *"Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eensgesind saamwoon. Dit is soos reukolie wat van die kop af in die baard afloop, die baard van Aäron, af tot by die soom van sy klere. Dit is soos die dou van Hermonberg, wat op die berge by Sion val. Waar broers so saam woon, skenk die Here sy seën; 'n lang, lang lewe."*